



Graad 1

A DOEL

Om die Penkop en Drawwertjie:

1. 'n Liefde vir plante te leer.
2. van kleins af die natuur te laat ervaar, verstaan en waardeer.

B VEREISTES

Die Penkop en Drawwertjie moet :

1. Die name van die tuingereedskap wat hy gaan gebruik ken en weet hoe en waarvoor dit gebruik word.
2. As span 'n inheemse boom plant:
 - Die naam van die boom ken en weet hoe die bas, blare en vrugte lyk.
 - Weet wat die doel (skuiling, versiering, voedsel, meubels) van die boom is.
 - Weet watter en waarom bemesting gebruik word.
 - Help om die boom te plant en stewig te anker.
 - Saam die gat waarin die boom geplant is, toegooi.
 - Saam as span die boom versorg en monitor.

OF

Sy persoonlike blomtuin, groentetuin of kruietuin in 'n blombak maak:

- Twee (2) soorte blomplantjies, groenteplantjies of kruie aanskaf. Kan van saad ook gekweek word.
 - Maak tuingrond gereed.
 - Weet hoekom bemesting nodig is.
 - Die plantjies plant en/of die saad saai.
 - Die plantjies versorg en monitor.
3. Maak 'n projek. Voorbeelde by punt 3 van aanbieding.

C AANBIEDING

1. Vereiste 1. Let veral daarop dat Afrikaanse name gebruik word.
2. Vereiste 2. Die inligting kan deur middel van praatjies, demonstrasies en plakkate oorgedra word. Dit sou sinvol wees om vir die span 'n projekboek of foto-album te maak waarin al hierdie inligting vervat word en wat weer vir verdere verwysing gebruik kan word.

Elke kind moet aktief hieraan deelneem. Elke kind moet die vereistes nakom. Die span kan 'n spesiale boomplantseremonie reël en selfs die ouers of maats nooi om hieraan deel te hê.

3. Vereiste 3. Pars blomme vir 'n boekmerk of 'n kaartjie. 'n Ander moontlikheid is om 'n "saadmanneltjie" met 'n ou sykous te maak of selfs 'n voëlverskrikker of tuinplankies met gesegdes te maak om jou plantjies op te pas.